Jaag die liefde na

1 Korintiërs 14:1-12, 23-25

Nico Smit https://unsplash.com/photos/9UW_8aVN8mA

I

Die vorige hoofstuk, die bekende 1 Korintiërs 13, is Paulus se roerende ode aan die liefde. Liefde as die groot gawe van die Gees – dit wat sin gee aan ons bestaan. En dan begin Hoofstuk 14 weereens met die oproep: “jaag die liefde na”. In dié hoofstuk gaan dit egter spesifiek oor liefde as die belangrikste dryfveer in die manier waarop ons gemeente is, liefde as deurslaggewende beginsel in ons eredienste.

II

Die gemeente in Korinte het nogal gesukkel om te verstaan hoe die liefde werk, juis ook in hulle manier van kerk-wees. Daar was skerp meningsverskille en verdeeldheid in die gemeente. Hulle het gesukkel met onderlinge verhoudinge – selfs ook rondom allerlei seksuele kwessies. Hulle het gesukkel om mekaar met hulle gawes te bedien. Selfs rondom die nagmaaltafel het hulle mekaar liefdeloos verdring – die rykes wou byvoorbeeld nie wag vir die armes sodat hulle saam die maaltyd kon nuttig nie. Daarom skryf Paulus oor die nagmaal: “wag vir mekaar” (1 Korintiërs 11:33).

Hulle het ook met mekaar gewedywer oor wie nou eintlik die godsdienstigste was, wie die mees ingelyfde in die geheimenisse van godsdienstige ervarings was. Dis waar die hele verskynsel van spreek in tale ter sprake kom. Hulle het geglo dat as jy nou rêrig gevorder het op die pad van godsdienstig-wees, dan begin jy om in die erediens in vreemde tale te praat, jy raak in ekstase, meegevoer deur die Gees, jy praat in ‘n soort

hemelse taal wat net God en die engele verstaan. Dié onverstaanbare gebrabbel is dan die teken dat jy beter as die ander is, dieper ingelyf in die geheimenisse van die hemelse dinge. Daarom het dit ‘n soort wedywering geword; die een wou die ander oortref in die erediens. Ons kan dink hoe die erediens gou-gou in wanorde verval het, ‘n kakofonie van emosionele uitbarstings.

Hierdie manier van doen was vir die Griekse gelowiges in die stad nie so ‘n vreemde kulturele gebruik nie. In dié stad was veral die Dionusios kultus baie bekend – ‘n Griekse misterie-kultus gekenmerk deur ekstatiese byeenkomste waar almal in ‘n uitbundige, selfs in seksueel uitspattige beswyming geval het. Dit was die teken dat jy regtig die hoogste mate van godsdienstigheid bereik het. Dié Griekse gebruik het die Christene dus voortgesit in die ekstase van spreek in tale.

III

Natuurlik leef hierdie soort gebruike vandag steeds voort. Mens hoef maar net na die godsdiens-kanale op TV te kyk om te sien hoe wild dit in eredienste gaan – emosionele uitbarstings, mense wat omval en stuiptrekkings kry, vreemde geluide uiter, pastore wat skreeu, ramshorings wat blaas, wanorde – alles tekens dat hierdie gelowiges ‘n hoër vlak van godsdienstigheid bereik het, die werklike gawes van die Gees beoefen. Charismata beteken geestesgawes; daarvan kom die woord charismaties.

Paulus skryf dat hierdie beoefening van spreek in tale in die erediens ten diepste ‘n liefdelose handeling is. Dit sluit ander mense uit. Dit bou nie die gemeente op nie. As mense van buite die gemeente na binne kyk, sal hulle dink dié Christene is die kluts heeltemal kwyt. Hulle sal nie verstaan wat aangaan nie. Dit sal klink soos klanke sonder melodie, soos ‘n trompet wat geblaas word sonder dat die soldate kan uitmaak wat dit beteken: moet hulle nou vorentoe storm of retireer? Dit sal soos woorde teen die wind wees, onhoorbaar, onverstaanbaar. Paulus lewer nogal skerp kritiek teen dié emosionele uitbarstings en onverstaanbare klanke: dit help ander mense glad nie, daarom is dit liefdeloos.

Nou kan ons maklik dink: ja, maar gelukkig is ons nie so nie. Ons eredienste is darem nog heel ordelik! Ons staan nie skuldig soos die Korinte-gemeente nie. Maar, liewe vriende, die eintlike vraag is: hoe inklusief is ons regtig? Hoe verwelkomende is ons teenoor ander? Hoe welkom is die mense op die rand van die samelewing regtig hier by ons? Hoe welkom is hulle wat nog nie glo nie, die buitestaanders? Hoeveel van ons eie tradisie, gebruike en woorde sluit nie tog maar ander mense uit nie? Is ons manier van doen nie dalk ook netso liefdeloos nie – ‘n manier om ons eie gebruike in stand te hou, terwyl dit dalk ander uitsluit?

IV

In plaas van die onverstaanbare spreek in tale stel Paulus dan voor dat die gemeente liewer op die gawe van profesie moet fokus, want dis meer liefdevol teenoor mekaar en ander. Nou, oor woord profesie, soos Paulus dit in hierdie konteks bedoel, moet ons nie dink as ‘n buitengewone gawe om die toekoms te voorspel of dieper geheimenisse te kan ontrafel nie. Nee, profesie beteken hier gewoon om die goeie nuus van die evangelie aan mekaar oor te dra, dit vir mekaar te verduidelik, met mekaar te deel en as voorbeeld vir mekaar uit te leef. Profesie gaan om woorde van genade en liefde te spreek; woorde wat heling bring, en troos; woorde wat in liefde vermaan, maar ook in liefde bemoedig; woorde waarmee ons mekaar omhels en nadertrek. Profesie gaan om woorde wat uitnooi, wat ander uitnooi tot gemeenskap met God Drie-enig en met mekaar. Profetiese woorde wat deur die liefde gemotiveer word – dis die beter geestesgawe waarop die gemeente moet fokus, skryf Paulus.

En natuurlik moet hierdie woorde verstaanbaar wees, interpreteerbaar, dit moet logies sin maak. Dit moet die evangelie-boodskap so bring dat mense dit kan verstaan. Dit kan natuurlik ook passievol en met emosie gespreek word, maar dit moet daarop gemik wees om ander in liefde uit te nooi, nader te trek. Dis wat egte profesie beteken – genadewoorde vol liefde, woorde wat uitnooi.

Dis presies ook waaroor elke erediens behoort te gaan. Dit gaan nie oor ons as gelowiges wat hier ons geloofspiere kom bult om vir mekaar te wys hoe ver ons al op die geloofspad gevorder het nie. Dis nie ‘n plek waar net sondelose mense tuishoort nie. Dit gaan nie om die uitsluit van ander wat nog nie soos ons kan glo en doen nie. Nee, die erediens is ‘n plek en geleentheid waar God Drie-enig ons ontmoet, waar God ons binne-nooi, in die liefdesgemeenskap van Vader en Seun en Gees innooi, en ons dan binne hierdie liefdesgemeenskap oorlaai met genade en vergiffenis, met troos en nuwe krag, ons lewe nuut maak en ons toerus om as getuies, as profete, in die wêreld te gaan leef. Die erediens is die plek waar ons God se stem hoor: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee” (Matteus 11:28).

Die gawe van profesie gaan dus daaroor dat ons mekaar help en bemoedig, mekaar se hande vat en sê: kom ons aanvaar die uitnodiging! Kom ons doen dit saam, sonder om enigeen uit te sluit. Kom ons tree saam toe tot die ontmoeting met die Drie-enige God. Kom ons betree die liefdesruimte van die gemeenskap tussen God die Vader, Seun en Gees, die gemeenskap waarvan Hy ons almal deel wil maak. Ja, kom ons kom tot rus in God se teenwoordigheid. Dan is dit die liefde wat seëvier en nie ons eie beuel wat geblaas word nie. Dis wat die woord “charismaties” ten diepste behoort te beteken – die beste gawe van die Gees – profetiese woorde van liefde.

V

“Jaag die liefde na, en streef na die gawes van die Gees, veral om te profeteer.”